



KONSTITUSIE VAN DIE "MALUTI ANTIQUE AUTO & MASJIEN KLUB"

1. NAAM VAN DIE KLUB:

Die naam van die klub sal wees MALUTI ANTIQUE AUTO & MASJIEN KLUB.

2. EFFEKTIEWE DATUM:

Die effektiewe datum van die inwerkingtreding van die klub konstitusie sal 17 November 2003 wees. Op die stigtersvergadering is die beginsel van die konstitusie bespreek en aanvaar.

3. DEFINISIES:

3.1 "Klub" beteken "Maluti Antique Auto & Masjien Klub".

3.2 "Lid" sal beteken enige persoon wat aansoek gedoen het vir lidmaatskap en aanvaar is volgens klousule 6 hierin.

3.3 "Voertuig" sal beteken motors asook motorfiets, trekkers, stilstaande enjins en verwante apparaat ouer as 20 jaar.

4. HOOFKWARTIERE:

Die hoofkwartier van die klub sal te BETHLEHEM wees.

5. DOELWITTE:

Die doelstellings van die klub sal wees:

5.1 Om die restorasie, bewaring, instandhouding en gebruik van outydse voertuie, stilstaande enjins en verwante apparaat onder lede te bevorder.

5.2 Om kompetisies, toere, uitstallings en ander aktiwiteite ter bevordering van die klub doelwitte te reel.

5.3 Voertuie aanvaarbaar vir bewaring sal deur die komitee goedgekeur word.

5.4 Om algemene padverbruik en goeie bestuursvermoë te bevorder.

5.5 Om besprekings, lesings, debats en soortgelyke aanbiedinge wat van belang is vir motoriste te reel.

5.6 Om deur affiliasie met ander liggame saam te werk ter bevordering van gemeenskaplike doelwitte.

- 5.7 Om inligting te versprei en die belangstelling van die algemene publiek aan te moedig in die belang van historiese aspekte van ou voertuie, stilstaande enjins en verwante apparaat.
- 5.8 Om 'n inligtingsbron onder lede te skep deur die bewaring van alle beskikbare literatuur ten opsigte van ou voertuie, stilstaande enjins en verwante apparaat.
- 5.9 Om enige of al bogenoemde dinge te doen, wat die komitee hierin genoem goed mag vind.
- 5.10 Die klub is saamgestel sonder 'n wins of voordeel-oogmerk en alle bates sal gebruik word tot voordeel van die klub as geheel. Surplus fondse kan met goedkeuring op die algemene jaarvergadering aan liefdadigheid geskenk word.

6. LIDMAATSKAP:

- 6.1 Lidmaatskap is beskikbaar vir enige persoon wat volgens die oordeel van die komitee 'n geskikte voertuig, stilstaande enjin of verwante apparaat besit. Lidmaatskap kan ook aan persone wat nie 'n voertuig, stilstaande enjin of verwante apparaat besit, toegestaan word indien die persoon na die oordeel van die komitee die beginsels en doelstellings van die klub ondersteun en nastreef.
- 6.1 Aansoek om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word en moet deur die voorsteller geteken en by die sekretaris tesame met die voorgeskrewe lidmaatskapsfooie ingehandig word.
- 6.2 Lidmaatskapsfondse is 12 maande vooruitbetaalbaar en sal op 1 Januarie van elke jaar hernubaar wees.
- 6.3 Aansoeker vir lidmaatskap moet aan 'n lid van die komitee voorgestel word.
- 6.4 Die klubkomitee mag volgens hul diskresie enige aansoek om lidmaatskap aanvaar of weier sonder om enige redes te verstrek en sodanige besluit is finaal.
- 6.5 By aanvaarding van 'n aansoek sal die aansoeker in kennis gestel word en van 'n afskrif van die konstitusie asook 'n ledelys voorsien word.
- 6.6 Jaarlikse lidmaatskap sal geld vanaf 1 Januarie tot 31 Desember van enige gegewe jaar.
- 6.7 Sou 'n lid versuim om sy lidmaatskapsfondse te vereffen teen 31 Maart van enige gegewe jaar, sal sy lidmaatskap outomaties verval en sal sy naam van lederegister geskrap word.

7. LEDE:

Die volgende tipe lidmaatskappe geld:

7.1 Stigterslede:

Lede wat gedurende November 2003 die stigtingsverklaring bygewoon het en hulle ledegeld voor of op 30 Junie 2004 ten volle betaal het en voldoen het aan klousule 6 hierbo.

7.1 Gewone lede:

Lede wie se ledegeld ten volle betaal is.

7.2 Familielede:

Dit is eggenotes asook kinders onder die ouderdom van 18 jaar en wat nog by dieselfde adres inwoon. Hierdie lede het geen stemreg nie, mits hulle 'n fooi gelykstaande aan 50% van die huidige lidmaatskapslede betaal om stemreg te bekom. Familielede met stemreg mag wel verkies word tot die komitee.

7.3 Lewenslange lid:

Dit is lede wat 'n goeie verhouding met die klub vir minstens 2 jaar gehandhaaf het en dan bereid is om ledegeld vooruit vir 'n periode van 5 jaar teen die dan huidige tariewe te betaal.

7.4 Ere Lidmaatskap:

Ere lidmaatskap sal deur die komitee ondersoek en toegeken word, ter oorweging op die algemene jaarvergadering.

8. BESTUUR:

- 8.1 Die bestuur en kontrole van die klub sal bestaan uit vyf komiteelede wat jaarliks gekies sal word tydens die algemene jaarvergadering. Die verkose bestuur bly in die poste vir een jaar.
- 8.2 Die bestuurskomitee sal bestaan uit: voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris, penningmeester en skakelbeampte.
- 8.3 Die komitee kan 'n lid koöpteer in 'n vakante bestuurspos vir die res van die geldigheidsduur van die vakante pos.

- 8.4 Die komitee sal die bestuur van die klub behartig en volmag genie tom dit te doen binne die raamwerk van die bepalings en die doelstellings van die klub.
- 8.5 Kontak persone in omliggende dorpe sal aangewys word en kan hulle die komitee behulpsaam wees met organisasie en beplanning.
- 8.6 Die voorsitter sal met bestuursvergaderings en tydens die Algemene Jaarvergaderings in die geval van gelykopstemming die beslissende stem geniet.
- 8.7 Bestuurslede wat drie of meer maandvergaderings misloop sonder verskoning kan onthef word van hul posisie na spesiale vergadering van die bestuur.
- 8.8 'n Klub voorsitter kan vir drie agtereenvolgende termyne herkies word, waarna hy moet afstand doen van die pos van voorsitter. Na verloop van een jaar kan hy weer oorweeg word vir voorsitter.

9 KLUB EIENDOM:

Persone wie hul lidmaatskap van die klub staak, verbeur alle reg tot eise teen die klub se eiendom en fondse.

10 LEDEGELD:

Ledegeld sal saamgestel word uit 'n eenmalige aansluitingsfooi en 'n jaarlikse lidmaatskapsfooi waarvan die omvang van tyd tot tyd besluit sal word.

11 ALGEMENE JAARVERGADERING:

'n Algemene Jaarvergadering sal gehou word binne 1 maand na die finansiële jaarafsluiting van die klub en tydens dié vergadering sal alle relevante aspekte bespreek word. Die finansiële jaarafsluiting geskied in Oktober van elke jaar en sal die jaarvergadering dienooreenkomstig in November van elke jaar gehou word.

12 SPESIALE ALGEMENE VERGADERING:

'n Spesiale Algemene Vergadering kan saamgeroep word deur skriftelike versoek daarvoor deur nie minder nie as 30 persent van stemgeregtigde lede van die klub. Sodanige vergadering MOET voorafgegaan word met minstens 'n 14 dae kennisgewing aan alle lede.

13 KWORUM:

'n Kworum tydens Algemene vergaderings sal uit 25% van die huidige lede van die klub bestaan.

'n Kworum tydens 'n Komitee vergadering sal uit 3 van die 5 gekose komiteelede bestaan.

14 WYSIGING VAN KONSTITUSIE:

Die konstitusie van die klub mag verander, gewysig, herroep, afgeskaf of verbeterings aangebring word, onderhewig aan goedkeuring daarvoor verkry deur 'n meerderheidstem van die lede teenwoordig by 'n algemene vergadering. Lede moet minstens twee weke kennis van 'n voorgenome wysiging kry. Enige lid wat 'n wysiging aan die konstitusie wil voorstel en/of bevorder moet sodanige beoogde wysiging skriftelik indien by die sekretaris of sy gemagtigde minstens 14 werksdae voor die vergadering waarop die wysiging bespreek sal word.

15 STEMREG:

Elke opbetaalde lid van die klub sal geregtig wees op een stem by 'n algemene vergadering. 'n Lid mag per pos of per aangewese proxy op skrif stem.

16 VOORSITTERMAGTIGINGS:

Die voorsitter van die klub, ten volle daartoe gemagtig deur die komitee, sal die gesag geniet om te vervolg, dagvaar en alle regsgedinge te verdedig wat deur of teen die klub ingestel mag word. Derhalwe sal hy ook oor die nodige tekenmagte beskik om alle verwante dokumente soos benodig te teken.

17 KOMITEEMAGTIGINGS:

Bykomstig tot wat reeds vervat is in die konstitusie, sal die komitee ook oor die volgende gesag beskik:

- 17.1 Om oor enige roerende of onroerende eiendom van die klub te beskik tot voordeel van die klub en sy lede ter bevordering van hul doelstellings.
- 17.2 Diskrisionêre magte vir die aanstelling van prokureurs, agente, sekretarisse, ouditeurs, skeidsregters, beamptes, afsetters, klerke en bediendes vir permanente of tydelike dienste.
- 17.3 Om regsgedinge in te stel, te beheer, te verdedig, saam te stel of te staak deur of teen die klub of sy beamptes of andersins rakende die sake van die klub.
- 17.4 Om die klub se fondse te belê sonder om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar vir verliese wat deur die belegging vir die klub mag ontstaan.
- 17.5 Om 'n bankrekening in die naam van die klub te open en om fondse in te betaal en te onttrek soos benodig. Ten minste twee lede van die komitee moet gesamentlike tekenregte op die rekening hou.
- 17.6 Om alle take te hanteer wat nie hier uitgespel is om te doen of deur 'n vergadering van lede voorgeskryf is nie.
- 17.7 Enige lid wie, in die opinie van die komitee, homself skuldig gemaak het aan gedrag wat dit wesenlik maak dat hy nie meer 'n lid van die klub moet wees nie, mag uit die klub permanent gesit word of andersins van die voordele van lidmaatskap geskors word vir 'n tydperk wat deur die komitee bepaal mag word, nadat die komitee 'n ondersoek geloots het, na welke ondersoek die gesegde lid uitgenooi moet word.

18 NOTULES VAN VERGADERING:

Volledige nodules sal van alle vergaderings gehou word en voorgelê word vir voorsitters goedkeuring by die volgende vergadering.

19 BOEKHOUDING:

Die tesourier sal ooreenkomstig gesonde boekhoudingspraktyk alle sake en rekenings van die klub te boek stel. Die oudit verslag sal voorberei en beskikbaar gestel word voor die algemene jaarvergadering. Alle boeke sal ter insae wees vir alle volbetaalde klublede. Enige oudit van die verslag sal geskied deur die verantwoordelike beamptes wat op daardie stadium op die bestuur van die klub dien of hul gemagtigdes ooreenkomstig besluit aangewys.

20 INTERPRETASIE:

In gevalle waar interpretasie verskille van die konstitusie van die klub sou bestaan sal die interpretasie deur die klub bestuurskomitee finaal en bindend wees.

21 VRYWARING VAN KOMITEE EN BEAMPTES:

Die komiteelede, asook beamptes van die klub, word deur die lede van die klub gevrywaar in verband met alle redelike kontrakte en ondernemings vir die voordeel van die klub en wat deur persone uitgevoer is ooreenstemmend die goedkeuring van die komitee.

22 MANLIK/VROULIK – ENKELVOUD/MEERVOUD:

In die konstitusie sal manlike ook vroulik insluit en enkelvoud oor meervoud en andersom.

23 AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN SKADE:

Onder geen omstandighede van watter aard ookal, sal die klub, sy bestuur of beamptes verantwoordelik en aanspreeklik wees vir enige skade, verlies of beserings wat deur klublede opgedoen mag word op die perseel, eiendom of georganiseerde geleenthede van of deur die klub nie.

24 SLUITING VAN DIE KLUB:

Die bestaan van die klub kan permanent of tydelik gestaak word deur 'n 2/3 meerderheidsbesluit van lede teenwoordig by 'n algemene vergadering vir die doel bymekaar geroep. Indien enige fondse in die bankrekening van die klub gehou sou wees op datum van voormelde sluiting. In daardie geval,

sal die oorblywende fondse oorbetaal word aan SAVVA se Nasionale Raad of gemagtigde aangewys vir hierdie doel.

25 REGSENTITEIT:

Die klub sal geheel en al 'n en beslis 'n aparte regsentiteit wees en sal self kan dagvaar of gedagvaar word, kan aankoop, besit, wegdoen of vervreemding van vaste bates of ander bates of enige ander manier kontrakte aangaan in klub se eie naam.

Weergawe 3

Goedgekeur: 7 November 2013